**31 Oktober**
**Skrifgedeelte: Genesis 3:1-24 (NAV)**
**Fokusgedeelte: Genesis 3:15**

## Die moederbelofte: stryd en oorwinning

‘n Ma bring kinders in die wêreld en bou die menslike geslag. Sy is die oorsprong van haar geslag. Die belofte in vers 15 word die *moederbelofte* genoem. Dit is die begin of oorsprong van God se beloftes aan ons. Genesis 3 handel oor die sondeval en die straf wat op die daad van Adam en Eva gevolg het. Dit was ongehoorsaamheid aan God en gehoorsaamheid aan die slang Satan. Die straf is vyandskap. Daar kom oorlog tussen die saad van die slang en dié van die vrou. Die dood het in die wêreld gekom. Die man sal met swaarkry ‘n bestaan maak en die vrou sal met pyn geboorte skenk.

In Genesis 3:15 word al van die werk van Jesus Christus gepraat! Daar word dus van oorlog, maar ook na Kersfees verwys. Die beeld wat die stryd tussen Christus en die slang beskryf, praat van “kop vermorsel en in die hakskeen byt”. Die eerste besering is dodelik, die tweede minder gevaarlik. Die vrou en haar nageslag – dit is ons – oorwin die Satan en die ongelowiges. Ons kan dit nooit uit eie krag regkry nie. Alleen deur die krag van Jesus Christus, ook uit ‘n vrou gebore, is dit moontlik. Hy is die oorwinnaar oor die sonde, die dood en die Satan.

Die moederbelofte leer dat daar ‘n oorwinnaar kom. Die profete leer later dat die Messias kom. Op Kersdag is Hy gebore (Luk 2:11). So lief het God die wêreld dat Hy Christus gestuur het. Ons wat in Hom glo, sal nie verlore gaan nie, maar die ewige lewe hê. Ons sal die oorwinnaarskroon ontvang.

*Sing: Skrifberyming 10:1,5,6 Ds W Vogel (Welkom)*